

‘n EKONOMIESE BENADERING TOT MEGANISASIEBESTUUR

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE PASSING VAN ‘N TREKKER EN ‘N IMPLEMENT

Die passing van ‘n trekker met ‘n implement is die praktyk wat deur boere gebruik word wanneer hulle ‘n implement op die plaas aanwend. Daar word gepoog om die implement se werksvermoë met die krag van die trekker uit te balanseer. Dit betrek ook sekere ander aspekte soos om die regte grootte implement vir die bewerkbare oppervlakte te kry, die grondtipe, die bestuurspraktyke wat toegepas word en ook ander faktore. Dit is normaalweg ‘n proses wat drie stappe in beslag neem.

Een van die doelstellings van praktiese meganisatiebestuur is om masjiengebruik so toe te pas en te skeduleer dat die maksimum hoeveelheid werk binne die toepaslike tydperiode bereik kan word met die uiteindelijke doel dat die oorhoofse aktiwiteite van die boerdery die grootste wins kan realiseer.

DIE PASSINGSPROSES


Die passingsproses is een wat boere meestal onbewustelik doen. Hoewel dit dus aanvaarbare resultate onder die meeste omstandighede oplewer, laat dit beslis ruimte vir verbetering. Dit is van deurslaggewende belang om die optimale passing van ‘n implement met ‘n trekker te doen en ‘n verbetering van hierdie proses sal gewoonlik ‘n beduidende invloed op die boerdery se winsgewendheid as geheel hê.

Die volgende punte moet in ag geneem word tydens die passingsbesluit:

- Toekomstige bewerkbare areas;
- Gemaklike, volhoubare en wenslike spoed vir die aktiwiteit;
- Die tyd wat beskikbaar is om die aktiwiteit te voltooi;
- Oesverliese wat kan ontstaan as die aktiwiteit nie binne ‘n spesifieke tydperiode voltooi word nie;
- Die uitdroging of natword van ‘n land wat die aktiwiteit kan bemoeilik en tot tydsverliese kan lei;
- Die beskikbaarheid van arbeid;
- Die vorm en gradiënt van ‘n land.

Die korrekte passing van ‘n implement sal dan lei tot:

- ‘n Toename in die effektiwiteit van die aktiwiteit;
- ‘n Afname in die operasionele koste van die aktiwiteit;
- Die optimale aanwending van kapitaal;



DIE PROSES OM 'N IMPLEMENT MET 'N TREKKER TE PAS

Die passingsproses begin normaalweg met die vasstelling van die mees belangrikste aktiwiteit binne die konteks van die boerdery as geheel. Vir die meeste boere sal hierdie aktiwiteit waarskynlik die plant van 'n somergewas wees omdat dit van absolute belang is om so 'n aktiwiteit tydig uit te voer.

DIE BALANSERENDE VERGELYKING

Wanneer die geskikte passing tussen 'n trekker en 'n implement gesoek word moet verskeie faktore oorweeg word sodat 'n waarde aan vier van die volgende vyf komponente gekoppel word:

- Die oppervlakte wat bewerk moet word (*ha*);
- Die spoed waarteen die aktiwiteit verrig gaan word (*km/u*);
- Die ure wat aan die aktiwiteit gespandeer gaan word (*ure*);
- Die beraamde landdoeltreffendheid (%);
- Die werkswydte van die implement (*m*).

Wanneer vier van hierdie komponente bekend is, kan die vyfde een bereken word.

Oppervlakte

Die totale oppervlakte wat bewerk moet word moet in berekening gebring word met die ander aktiwiteite van die boerdery. Verskillende gewasse en selfs verskillende variëteite binne 'n enkele gewas, kan die boer die ruimte bied om sy kritiese aktiwiteite beter te versprei om sodoende die oppervlakte wat binne 'n spesifieke tydsgleuf voltooi moet word te verminder.

Spoed

Die implement moet teen die geskikte spoed getrek word om optimale resultate te kan verkry. Te hoë spoed kan tot swak saadplasinge of grondbeskadiging lei. Daar teenoor kan te lae spoed weer tot skade aan die trekker se ratkas, swak onkruidbeheer of grondversteurings lei.

Ure

Die beskikbare werksure is afhanklik van die tydigheid waarteen aktiwiteite voltooi moet word, die beskikbaarheid van arbeid en vervoer, onderhoud aan die werktuie en die vulling van brandstof. Tyd moet ook toegelaat word vir die hervulling van saad en kunsmis.

Effektiwiteit

Die effektiwiteit van 'n aktiwiteit neem die verliese aan tyd in ag wat veroorsaak word deur oorvleuelings, hervullings, draaie, verstellings en verandering van operateurs.

Wydte

Dit is die werklike werkswydte (*cutting width*) van die implement.

Dit mag nodig wees om een of meer van die komponente te verstel ten einde 'n aanvaarbare implementgrootte te vind, met inagneming van die volgende:

- Kritiese tyd beskikbaar deur te let op:
 - beskikbare vog,
 - beskikbare arbeid.
- Die vorm van die terrein of land;
- Toekomstige areas vir oeste;
- Die wenslike werkspoed;
- Onkruidprobleme;
- Bewerkingspraktyke (konvensioneel of geen bewerkings).